

FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

**Vandag se preke gaan oor die tema:
Ek kniel sodat Christus deur die geloof in julle hart sal woon**

Hierdie week fokus ons as gemeente in ons gebede op die gebed om die liefde van die Here te ken.

Dit is belangrik om die gebed in konteks van die direk voorafgaande te bid. Slegs waar die Heilige Gees mense innerlik sterk maak sodat Christus in hulle kan woon, kan daar sprake wees van die ware liefde van die Here.

Kom ons stel dit anders: Wanneer die Heilige Gees en Jesus Christus in 'n mens woon dan is hy ook in die liefde gewortel en gegrondves. (Dit sou, soos die 1983 vertaling doen, anders vertaal kon word naamlik dat Paulus bid dat hulle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees, maar ek kies, soos ander vertalings, dat die gebed om die liefde te ken voortspruit uit die feit dat die gelowiges in Christus reeds in die liefde gewortel en gegrondves is)

Vanuit dié posisie moet ons as gelowiges nou bid dat ons sy liefde in sy volle omvang sal begryp en iets van die onverstaanbaarheid daarvan sal ken.

Liefde is 'n allesomvattende begrip wat oral in die Bybel na vore kom. Alles gaan immers oor die liefde tot God en ons naaste. Omdat dit so bekende term is, neig 'n mens om vinnig daarvoor te lees – so asof ons klaar oor die liefde gedink het. Kom ons probeer om nuut en vars te dink oor die begrip van liefde soos wat dit in die Bybel voorkom. Uiteindelik kan jy nie net oor liefde dink nie, maar moet jy dit doen om dit te kan verstaan.

Laastens maak Paulus 'n punt daarvan dat diepere begrip van die liefde net bereik kan word waar 'n mens dit biddend saam met ander gelowiges leer ken.

Mag die besinning hieroor daarom nie net teoreties van aard wees nie, maar ook vol van getuienis oor die liefde van God in ons lewens en mag dit verder lei tot die praktiese beoefening van wat ons in die gebed bid.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:

- 1.1. GEWORTEL en GEGROND in die liefde
- 1.2. Gebed OM SAAM MET GELOWIGES te groei in begrip en kennis
- 1.3. Gebed om die VOLLE OMVANG van die liefde te ken
- 1.4. Gebed dat jy die liefde sal “BEGRYP” en sal “KEN”
- 1.5. Anzelle Vorster deel met ons haar ervaring van die liefde van God

Week 3 – Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken.



Tema van Fokustyd:

Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)

'n Gebed om groter bewustheid en beleving van ons identiteit in God

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Die verandering begin waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.



FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

Inleiding: Ek kniel in gebed voor ons VADER

Week 1: Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES innerlik sterk sal word

Week 2: Ek kniel sodat JESUS CHRISTUS in julle sal woon

Week 3: Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken

Week 4: Ek kniel sodat julle vervul kan word met die VOLHEID VAN GOD

Week 5: Ek kniel sodat God geëer kan word

So werk die Fokustyd:

Die bedoeling van die Fokustyd is dat ons as gemeente vir vyf weke op 'n gesamentlike saak fokus. Beskou dit as 'n afsonderings- of stiltetyd vir die gemeente.

Die Fokustyd vind op drie vlakke van ons geloofslewe plaas.

1. Daar is vyf dagstukkies geskryf wat 'n hulpmiddel is vir jou persoonlike stiltetyd of huisgodsdien. Maak vir jou 'n vaste tyd en kweek sommer die gewoonte aan om geroetineerd binnekamergodsdien te hou.
2. Daar is 'n groepsriglyn wat gebruik kan word in huisgodsdien, tydens klein-groepsbyeenkomste of Bybelstudiebyeenkomste. Sluit by bestaande kleingroepe aan of begin jou eie kleingroep – al is dit net vir die vyf weke. (Die kerkkantoor sal kan help met meer inligting oor kleingroepe.)
3. Sondae se eredienste sluit ook aan by die Fokustyd. Die oggend se preek word ook in die internasionale diens gepreek en die aand se preek sluit by die betrokke tema aan.

Die ideaal is dat almal in die gemeente op al drie die vlakke betrokke is by die Fokustyd. Indien dit egter nie moontlik is nie, nooi ons jou in alle geval om deel te wees van die Fokustyd.